# GAAN EN VERKONDIG DIE KONINKRYK VAN GOD

## LEWE IN DIE KONINKRYK VAN GOD

deur

**DOTA**

---

## HANDLEIDING 11

**VIR GROEPLEIERS**

---

**Eerste uitgawe 2018**

# INLEIDING

### Wat is die evangelie van die Koninkryk?

Die evangelie van die Koninkryk is die goeie nuus van die koningskap van God. Die Koninkryk van God is die koningskap of die soewereine heerskappy van God oor alles en almal, van ewigheid tot ewigheid (Psalm 24:1; 145:13). In besonder is die Koninkryk van God die koningskap of die soewereine heerskappy van God deur Jesus Christus (Matteus 28:18). Die Koninkryk is gebaseer op die verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het (Handelinge 2:36) en die toepassing daarvan in gelowiges deur die Heilige Gees (Romeine 14:17). Die Koninkryk word herken in die harte van gelowiges (Lukas 17:20-21) en is werksaam in hulle lewens. Die Koninkryk word geopenbaar op vier sigbare gebiede: in die volledige verlossing van gelowiges van begin tot einde (Markus 10:25-26), die vestiging van die Kerk/Gemeente op die aarde (Matteus 16:18-19), die goeie werke (invloed) van gelowiges op elke terrein van die samelewing (Matteus 25:34-40) en uiteindelik in die verloste heelal of die nuwe hemel en die nuwe aarde by die wederkoms van Christus (1 Korintiërs 15:24-26).

### Wanneer is die evangelie klaar verkondig?

Tydens sy eerste koms het Jesus Christus die evangelie van die Koninkryk verkondig (Markus 1:14-15; Matteus 4:23). Jesus het meer as vyftig gelykenisse vertel en die meeste hiervan gaan oor die Koninkryk van God. In hierdie gelykenisse het Jesus onderrig gegee oor die aard van die Koninkryk van God, hoe jy die Koninkryk kan ingaan en hoe jy in die Koninkryk van God met die kultuur van die Koninkryk van God kan leef. Uiteindelik het Jesus gesê, "En hierdie evangelie van die Koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom" (Matteus 24:14). Dus, na die vestiging van die Christelike Kerk/Gemeente, verkondig Christene die evangelie van die Koninkryk (Handelinge 8:12; 19:8; 20:24-25; 28:23,31). Die taak van alle Christene vandag is om die koningskap van Jesus Christus te verkondig, toe te pas wat hulle verkondig (Matteus 23:3) en hul kultuur te verander tot die kultuur van die Koninkryk van God.

### Vermenigvuldiging van toegeruste arbeiders en leiers

Volgens Jesus is "die nood nou" in die koninkryk die vermenigvuldiging van het getal toegeruste arbeiders en leiers. Dís waarom Jesus aan die eenkant sê: "*Bid* dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes" (Matteus 9:38). Aan die anderkant sê Hy: dat hulle Christene moet *toerus* om arbeiders en leiers in die Gemeente van Christus te word (Matteus 4:19; Matteus 10:7; Efesiërs 4:12). Hulle moet aangestel word as leiers van dissipelskapgroepe en huisgemeentes, oudstes van gemeentes en uitgestuurdes: sendelinge en stigters van nuwe (huis)gemeentes!

### Die Dota kursus maak die verkondiging en onderrig van die koninkryk van God prakties deur die groepleier die volgende te gee:

1. Elke handleiding bevat 12 lesse wat in drie maande voltooi kan word (één les per week) of in ses maande (één les elke 14 dae). In die intensiewe kursus kan 'n handleiding in ses dae voltooid word.
2. Belangrike Bybeltekste help die studente om Christus, sy Koninkryk en die Bybel goed te ken.
3. De groepleier behoort die vrae in die handleiding te vra en studente behoort die Bybelgedeeltes te lees voordat die bespreking begin.
4. Die "aantekeninge" gee vir die groepleier 'n riglyn en 'n samevatting van die antwoord op elke vraag.
5. Die toerustingskursus gee praktiese metodes om die Koninkryk te verkondig en te onderrig. Ook om die Brief aan die Romeine alleen of in 'n kleingroep te bestudeer.
6. Elke les het voorbereiding om tuis te doen. Dit word aan die studente uitgedeel aan die einde van elke les.
7. Die toerustingskursus is eenvoudig oordraagbaar aan andere. Na voltooiing van 'n handleiding met twaalf lesse, moet die studente wat van plan is om andere te gaan onderrig 'n kopie van die handleiding kry.

Ons gebed is dat die Here die aantal leiers van dissipelskapgroepe en huisgemeentes (oudstes, predikers en leraars in jou omgewing) en uitgestuurde leiers na ander plekke sterk sal toeneem! Jesus het gesê: "Die oes is groot, maar die arbeiders min" (Matteus 9:37)! Mag die Here verheerlik word! Want "uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid. Amen" (Romeine 11:36).

**DOTA**[1]
**2018** (Eerste uitgawe in Afrikaans)

**OUTEURSREG**

Die vier handleidings "Gaan verkondig die koninkryk van God" het outeursreg. Hulle mag nét gekopieer word vir opleidingsdoeleindes. Hulle mag nie verkoop word nie. Hulle mag ook nie gewysig word of vertaal word in ander tale nie, sonder die geskrewe toestemming van die outeur.

**AANBEVELING**

Die materiaal is bedoel om so wyd as moontlik gebruik te word en om 'n seën te wees vir mense. Omdat die doel van hierdie vier handleidings is om Christene toe te rus vir 'n taak, word aanbeveel dat nét die groepleiers van die kursus kopieë van hierdie handleidings mag maak. 'n Student behoort alleen 'n kopie van 'n handleiding te ontvang as hy die twaalf lesse van 'n handleiding voltooi het en ook van plan is om dít wat hy geleer het aan 'n ander persoon of kleingroep deur te gee.

[1] DOTA = Discipleship training On The Air.
Die naam kom van die tyd toe hierdie kursus hoofsaaklik oor die radio uitgesaai is in die Verre Ooste en in die Midde Ooste.